

## 31 Maart

### Wees bly oor die beproewings wat God oor ons pad stuur

**Skrifgedeelte: Jakobus 1:1-8**

**Fokusgedeelte: Jakobus 1:2**

Ons almal in hierdie wêreld ondergaan in 'n sekere mate moeilikhede, soos alledaagse beproewings en versoekings wat ons by die werk, in die kerk sowel in ons familielewe kry. Dit alles gaan met kritiek, frustrasie en teleurgesteldheid gepaard, en veroorsaak fisiese en emosionele pyn in ons lewe. Dit is as gevolg van ons sondige natuur en die sonde in die wêreld dat ons natuurlike reaksie so is.

God roep ons in Jakobus 1 op om bly te wees wanneer allerlei beproewings oor ons kom. Hy toets ons daardeur, om te kyk hoe sterk en swak ons geloof is. Hy wys ook daardeur ons sterk en swak punte vir ons uit. Hy wil hê ons moet in beproewings volhard en enduit aanhou, want daardeur word ons geestelik ryp. Dit verander ons om beter mense te kan wees, wat geestelik meer volwasse is.

Met geestelike rypheid sal ons vir God om wysheid bid as ons in beproewing is. God sal dit gee sonder verwyte, maar ons moet dit uit geloof bid en op Hom vertrou dat Hy dit aan ons sal gee. 'n Persoon wat dit van God vra en twyfel, is soos 'n brander in die see wat deur die wind heen en weer gedryf word, wat geen vaste fondament as anker het nie. Christus is ons fondament en hoeksteen waarop ons gebou is; Hy stuur die Heilige Gees as vertrooster wat vir ons die vertrouwe in ons hart wek dat God sal doen wat Hy sê.

Ons kan daarom uit geloof bid en op God vertrou dat Hy wysheid vir ons sal gee as ons in 'n beproewing is.

Verwelkom hierdie onaangename swaarkry, omdat ons weet dat dit net tot ons voordeel strek. Gaan leef dan vorentoe vanuit die opstanding van Jesus Christus. Verbly jou altyd in beproewings!

*Sing: Psalm 26:1, 2*

*Teologiese Student Pierre Cilliers*